

GEBIED ZERO



SANDBERGH BEYERS

GEBIED ZERO

DEUR

SANDBERGH BEYERS

SEBRA-UITGEWERS (EDMS.) BPK.
JOHANNESBURG

DEEL I

1. ONTRUIMING

Generaal Jonot rol die landkaart van Algerië oop en druk dit met duimspykers op die groot tafel vas. Die stafoffisiere kom om hom staan om die kaart te ondersoek. Hulle kyk na 'n plekkie op die kaart wat as 'n netjiese vierkant afgemerkt is. Dit sluit 'n deel in, van wat bekend staan as die „Gebied van die Oases”. Die Generaal wys met sy dun vinger na daardie vierkant. „Ontruiming,” kondig hy aan, „volstrekke en algehele ontruiming van hierdie gebied. Elke man, vrou en kind moet uit hierdie gebied verwyder word. Daar moet nie 'n enkele uitsondering wees nie.”

'n Bejaarde en bietjie verweerde kolonel sê: „Dit gaan nie so maklik wees nie. Daardie gebied beslaan honderd vierkante myl.”

„Ek is bewus van beide daardie feite,” sê die generaal bietjie streng.

Die kolonel word effens rooi in die gesig, maar hy laat hom nie deur die generaal se woorde afskrik nie. „Die Arabiere gaan sterk beswaar maak,” sê hy. „Ons kan hulle uit daardie gebied verwyder, maar wie sê hulle sal nie maar weer teruggaan nie?”

„As hulle daarheen teruggaan, is dit heelwaarskynlik dat hulle sal sterf. Dit kan tog seker aan hulle verduidelik word, nie waar nie?” sê die generaal kortaf.

Daar is 'n ongemaklike geskuifel onder die offisiere. Die een kyk na die ander en party staar net bloot na die landkaart. Nie een kyk na die generaal nie.

Die kolonel maak sy keel skoon. „Maar *mon generale*,

hulle sal nie verstaan nie.”

„Nie verstaan nie? Wat praat jy nou, *mon colonel*? Hulle sal tog seker die eenvoudige verskil tussen die lewe en die dood verstaan, of hoe?”

Die kolonel wat binnekort moet aftree, laat hom selfs deur hierdie woorde nie afskrik nie. Hy wil sy sê sê. „Dit kan wees dat die Arabiere dit nie in daardie eenvoudige lig beskou nie, *mon generale*. Hulle is 'n primitiewe en vredeliewende volk en hulle is baie geheg aan hul woonplekke. Hoe kan ons verwag dat hulle sal verstaan as ons hulle van die groot ontploffing vertel? Ons kan aan hulle vertel dat die Westerse moondhede die eerste van die nuwe groot waterstofbomme gaan laat ontplof. Ons kan hulle vertel dat die hele gebied weke lank gevaarlik sal wees. Ons kan hulle vertel van die dodelike radio-aktiewe uitstraling, maar hulle sal nie verstaan nie. Hulle sal net verstaan dat hulle uit hul eeue-oue woonplekke ontwortel is.”

Party van die offisiere mompel hul instemming versigtig. Generaal Jonot trek sy skouers op. „Ons het ons bevele baie duidelik gekry,” sê hy. „Ons moet hulle tot op die letter uitvoer.”

'n Kaptein wat taamlik intelligent lyk agter sy brilglase met die swart raam, praat en sy stem klink snaaks en hoog. „Dit gaan ons oneindige skade aandoen, *mon generale*,” is sy mening.

Die generaal staar deur hierdie kêrel. Hy hou nie daarvan dat junior offisiere ook stuiwers in die armbeurs gooi nie.

„Is dit so?” verneem die generaal. „Ek is baie jammer om dit te hoor. Ek meen egter dat ons dit darem sal oorleef, *mon capitaine*.”

„Ek verstaan wat die kaptein bedoel,” sê die verweerde ou kolonel. „Deur die jare het ons groot welwilligheid

onder die Arabiere opgebou teenoor die Vreemde Legioen. As ons hierdie Arabiere uit hul woonplekke gaan verwyder, gaan hulle ons haat—ja, hulle sal ons definitief haat,” sê die kolonel.

„Hierdie dinge sal ons maar onder die oë moet sien. Hulle word gou weer vergeet. Daar sal vir die verplaaste Arabiere gesorg word. Kampe sal vir hulle ingerig word naby Toegoert. Daar sal hulle bly tot dit vir hulle veilig is om na hul dorpe en gehuggies terug te keer.”

Die kolonel glimlag. „Terugkeer? Terugkeer na wat? Van wat ons gehoor het, sal hierdie ontploffing alles in daardie gebied vernietig. Daar sal seker nie 'n Arabiese krot oor wees ná hierdie ontploffing nie.”

„Hulle sal vergoed word.”

„Vergoed word, generaal? Waarmee? Hulle kan ons geld feitlik nie gebruik nie.”

Generaal Jonot trek sy skouers weer op. Dit is 'n moeë gebaar. En hy is moeg. Hy weet dat al hierdie besware baie geldig is, maar vanweë sy rang kan hy nie daarmee saamstem nie. Hy probeer vaag wees met sy verdediging.

„Ek is nie vir hierdie besluit verantwoordelik nie. Hierop is besluit deur die regerings van die Westerse moondhede en hulle meen dat Algerië die beste plek vir hierdie proefneming is. En moenie vergeet nie, *mes officiers*, 'n groot eer het die Vreemde Legioen te beurt geval, want ons is verantwoordelik vir al die veiligheidsreëlings.”

Jonot staar na die groep gesigte waarop die kommer duidelik te lees is. „Ontevrede Arabiere gaan nie ons enigste probleem wees nie,” sê hy. „Baie geslepe en deurtrappe agente van vyandiggesinde moondhede sal seer seker probeer om die terrein van die proefneming

te nader. Sekere moonhede is nogal nuuskierig om uit te vind wat hier gaan plaasvind. Ons moet sorg dat hulle niks uitvind nie.”

Die volgende oomblik druk hy sekere dokumente in sy tas. Die konferensie is oor. Hulle voel verlig en die kolonel vra versigtig: „Voel u nie lus vir 'n glasier wyn nie, *mon generale?*”

Jonot skud sy kop en sit sy pet op waarop die opvallende silwervesierings van sy rang is. „Nee, dankie,” sê hy. „Ek moet onmiddellik na die bevelhoofkwartier terugkeer. Daar is nog iets wat ek onder die aandag moet bring, Menere. Die gebied waar die ontploffing gaan plaasvind, het 'n kodenaam. Dit is bekend as Gebied Zero. Moet dit nie vergeet nie. Dit is van die uiterste belang. Gebied Zero . . .”

2. DIE FORT

Daar word gesê dat die aasvoëls glimlag wanneer hulle op Fort Ney neerkyk. Hulle maak glo hul yslike bekke oop en kras hul geamuseerdheid uit wanneer hulle op hierdie fort afkyk. Feitlik elke enkele Legioensoldaat wat al ooit in hierdie fort gedien het, staan daarop dat dit die geval is.

Dalk het hulle nog reg. Hierdie fort is 'n belediging vir die naam van 'n groot Franse soldaat. Dit is ook 'n belediging vir die soldate wat binne daardie wrede mure moet diens doen. Dit is nie 'n fort in die ware sin van die woord nie. Dit is 'n klein klipvierkant met 'n halwe dak—'n berugte plek van sandsteen waar manne vloek en ly en slaap. Byna sonder uitsondering bid hierdie geharde manne die Opperwese om hulle uit

hierdie klein verderfie te verlos wanneer hulle daar dien. Die eeue-oue hekke van yster en hout is byna waardeeloos as 'n versperring.

Die opperbevel sal geredelik toegee dat Fort Ney ongeveer geen gekonsentreerde aanval kan weerstaan nie. Maar waarom daarvoor bekommer? Dit is eintlik 'n „prestige-basis”. Dit staan aan die suidelike uiteinde van die „Gebied van die Oases” waar dit in 'n vreedsame omgewing van Arabiese dorpiens en gehuggies staan en droom in die ontsaglike hitte.

Jare gelede is by die opperbevel aanbeveel dat hierdie buitepos laat vaar moet word omdat dit in geval van 'n botsing tog feitlik geen doel kan dien nie. Hierdie wenk is egter met minagtiging van die hand gewys. Gevolglik moet 'n afdeling van dertig man onder 'n luitenant soos klokslag elke drie maande die honderd myl oor die woestyn na Fort Ney afê om daar te gaan aflos.

Vier dae gelede het die garnisoen van luitenant André D'Aran in Fort Ney aangekom. Ja, dit beteken dat meer as tagtig dae nog moet verloop voordat hulle kan terugkeer na die betreklike gemak van die kaserne in Tala Bakoe.

D'Aran sit op die kant van sy slaapbank en hy dink diep na. Hierdie is die treurigste tyd in 'n mens se lewe, dink hy. Hierdie is die tyd wanneer 'n man wil huil oor die verlies van die verlede en omdat daar geen toekoms is nie. Hierdie is die tyd wanneer dissipline as gevolg van die omstandighede in hierdie beperkte en verskriklike warm ruimte, tot die uiterste toe gespan word.

D'Aran se oë dwaal na die boktafel in die een hoek. Daar is 'n verwilderende chaos drade en knoppe en goed. Dit is die verouderde radio-ontvangtoestel en

-sender. Een maal per week moet 'n roetinerapport met hierdie ou gedoente na Tala Bakoe gestuur word. D'Aran weet uit bitter ondervinding dat dit partykeer dae neem om die eenvoudige boodskap „Alles nog reg” deur te kry, juis omdat die intense hitte dikwels die krag van die batterye so maklik laat uitdroog. Dan moet miskien weer 'n paar dae met die gehoorbuise geluister word totdat die antwoord van anderkant af kom: „Boodskap ontvang.”

D'Aran staan op, vryf met sy hande oor sy sitvlak en gaan ondersoek sy gesig in die gebreekte ou muur-spieël. Hy staar na sy intelligente, aantreklike gesig wat ontydig tekens van ouderdom toon—kepies langs die mond. Hy kyk na sy jeugdige grys oë wat vroeër geluk weerspieël het, maar wat nie meer geluk weerspieël nie. Hy kyk na sy donker hare, sy krulhare, wat versorging met die kam en die borsel nodig het. „André,” sê hy tot homself, „jy is 'n ellendige gek. Wanneer jy oor drie maande na Tala Bakoe terugkeer, gaan jy gearresteer word. En wanneer die hele storie eers aan die lig kom, gaan jy in die tronk beland.”

Hy grinnik teenoor homself in die gebarste spieël. „Intussen het jy drie maande om daarvoor na te dink en oor haar . . .”

D'Aran steek sy hand in sy hemsak. Hy trek 'n stukkende portret daaruit. Eenmaal was die portret heel. In 'n oomblik van oorweldigende jaloesie het hy dit eens in baie stukkie gebreek en hulle toe weer met lym aanmekaar gesit. Die resultaat is 'n nie besonder vleierende beeld van 'n meisie. Die treffende donker skoonheid van Lucinne is egter nog nie verlore nie. En sy herinnering verskaf die res van die prentjie.

Luitenant D'Aran staan nog na die gehawende portret toe sersant Vogel binnekom. Die sersant salueer bietjie

onverskillig, maar tog korrek.

„*Mon officier,*” kondig Vogel op Frans aan wat goed gekruie is met 'n Hollandse aksent, „'n aantal perde-ruiters kom uit die noorde aan.”

Eers beskou D'Aran die gesette sersant met 'n bietjie teësin, want hy was heeltemal gelukkig in sy herinneringe.

„Nou wat daarvan? Dit is nie besonder buitengewoon nie, of hoe?”

Hierdie woorde maak skaars op die Hollander indruk. „Ja maar . . . maar hulle is nie Arabiere nie, *mon lieutenant.*” Hy sê dit met 'n swaar nadruk op sy woorde.

D'Aran staar met nuwe belangstelling na die Sersant.

„Nie Arabiere nie! Nou wie die duiwel is hulle dan?”

„Vir my lyk hulle na witmense, maar ek is nie seker nie. Hulle is nog 'n entjie van die fort af. Ek het twaalf getel.”

D'Aran sit sy *kepi* op sy kop en maak die knope van sy baadjie vas. Dan haal hy sy verkyker uit en stap na buite, gevolg deur Vogel.

Die sonlig is verblindend. D'Aran steek die klein binneplaas oor en dan klim hy die paar trappies op wat na die verspote lae borsswerings lei. Daar is twee kêrels op die noordelike muur op wag. Hulle tuur daarvoor heen.

Die wagte op die ander borsswerings staan ook na die noorde. Daar is 'n atmosfeer van onderdrukte afwagting.

D'Aran staan en verstel die verkyker en fluit saggies toe hy besonderhede van die ruiters begin uitken. Ja, hulle is nie Arabiere nie. Hulle is blankes. Hul velle is so wit dat dit duidelik is hulle is nie aan die Sahara son gewoon nie. Hulle ry swaar, deeglike perde. Hulle ry op 'n streep, 'n snaakse streep. Daar is dissipline in daardie beweging, amper soos die dissipline

van die outydse ruitery. 'n Mens sou dit skaars verwag by manne in gewone klere en met verweerde helms op hul koppe.

Vogel sê: „Hulle het seker ver gereis, *mon officier*. Kyk, hulle het 'n paar pakmuile en hulle het 'n ekstra perd ook.”

D'Aran sien die pakmuile. Hulle is swaar belaa. Hy sê: „Wat sou hulle hier kom soek? Daar is niks in hierdie gebied waarin burgerlikes kan belang stel nie.”

„Ons sal seker spoedig die antwoord weet,” sê Vogel. „Dit lyk of hulle vir ons kom kuier.”

„Dit kom nie daarop aan of hulle kom kuier of wat nie. Hulle is burgerlikes en ek sal vir hul welsyn verantwoordelik gehou word.”

Meteens besef D'Aran dat sy doen en late in die Vreemde Legioen nie meer veel saak maak nie. Teen hierdie tyd is besonderhede oor sy misdaad in Tala Bakoe seker al op die lappe. Dalk is al bevel gegee dat hy gearresteer moet word sodra hy terugkeer. En dit alles oor wat hy vir haar gedoen het . . .

Hy onderdruk hierdie gedagtes in hom en hy sê: „Sersant Vogel, loop hierdie mense tegemoet, gee hulle my komplimente en nooi hulle die fort binne.”

Toe Vogel eers weg is, wonder D'Aran waarom hy nou eintlik hierdie bevel gegee het. Tog het die een of ander instink hom die bevel laat gee. Maar hy weet self nie waarom hy dit instinkmatig gedoen het nie, tensy hy diep in hom die byna onbewuste begeerte gehad het om te sien wat hierdie vreemdelinge doen wanneer Vogel by hulle uitkom. Ja, dit is die rede. Hy weet dit nou. Hy besef nou dat hy meteens onrustig voel oor die verskyning van hierdie groepie blankes. Die gevoel word meteens in hom sterker dat alles hier nie pluis is nie.

Hy staan en kyk na Vogel wat by die poort uitstap. Die Sersant het 'n sin vir die dramatiese. Hy het sy mantel met die rooi voering aangetrek en sy pet met die harde punt opgesit, pleks van sy verweerde ou *kepi*.

D'Aran kyk bietjie in die rondte en hy vererg hom oor wat hy sien. Behalwe vir die wagt, is die res van die garnisoen veronderstel om hierdie tyd van die dag te rus, maar pleks daarvan is byna die hele garnisoen hier op die noordelike borsswering, op 'n eerbiedige afstand van D'Aran. Almal wil sien wat aangaan. Nie een van hulle is ordentlik aangetrek nie. Baie het kaalbolyf verskyn en die son glinster op hul bruin liggeme.

Hy wil hulle eers verwilder, maar hy bedink hom. Hy kan verstaan dat hulle nuuskierig is. En buitendien, in hierdie helse plekkie sal die verstandige bevelvoerder baie dingetjies oorsien wat in die groter vestings natuurlik heeltemal ongehoord is.

Hy kyk weer na die aankomende ruiters en na Vogel. Hulle is minder as 'n halfmyl van die fort af en hulle is nou baie naby Vogel. Hy sien hoedat die ruiters hul perde inhou en hoedat Vogel salueer terwyl 'n skielike warm luggie sy mantel omkeer sodat die rooi voering opvallend word.

D'Aran sien hoedat die ruiters 'n halfmaan om Vogel vorm. Hy sien dat hulle met die sersant praat. Hy sien hulle hul arms swaai en met die koppe beduie. Dan maak die halfmaan soos 'n waaier oop en hulle trek weer op na die fort toe. Vogel, klein soos 'n dwerg hiervandaan, loop in die middel van die ruiters.

D'Aran bekyk Vogel deur die verkyker. Die rooierige gesig van die Hollander lyk doodgelukkig. Hy loop en opkyk na die ruiter langs hom en hulle twee gesels ewe opgewonde.

Dan bekyk D'Aran die ruiters op die keper. Daar is

iets omtrent hierdie mense . . .

Hulle is almal groot kêrels. Hulle lyk almal harde kêrels. Hulle lyk nie soos 'n gewone, toevallige groep burgerlikes nie. En hulle sit almal baie regop in die saals.

Nou is die verkyker nie meer nodig nie. Hulle is naby genoeg om deeglik met die blote oog ondersoek te word. Die geknars van hul perdehoeve oor die sand en die geklinkel van stange en toomgespes is nou ook duidelik hoorbaar.

D'Aran loop die trappies af en gaan staan net binne die poort. Hy het die indruk dat sy kêrels aandagtig na hom staar.

Die ruiters gaan hou voor die poort stil. Die ruik van perdesweet lê swaar op die warm lug. Vogel kom binnegloop en die sweet straal onder sy pet uit. Die vreemdelinge volg hom. Hy salueer en hy verklaar: 'n Ekspedisie, *mon officier* . . ."

„'n Wat?"

Een van die vreemdelinge glimlag beleef. Hy swaai gemaklik uit die saal en hy kom met uitgestrekte hand na D'Aran toe aangeloop. Hy praat vlot op Frans met net die beduidenis van 'n vreemde aksent.

„Moet asseblief nie so verbaas lyk nie, Luitenant. Ek is dokter Gallast en hierdie is 'n navorsingsgeselskap van die Universiteit van Krakof. Ons is op pad na die Sanna-oase en ons vertrou dat u ons vir die nag sal kan onderdak verskaf."

D'Aran neem daardie uitgestrekte hand. Die greep is net so stewig en sterk soos sy eie greep. Hy kyk in die man se oë. Hulle is koue oë. Hulle weerspieël nie die glimlag wat voortjies oor die donker, bebaarde gesig trek nie. D'Aran gee sy naam en dan sê hy: „Ek

sal bepaald vir u doen wat ek moontlik kan, maar soos u sien, is die ruimte maar baie beperk hier."

„Ek verstaan. U het seker maar 'n klein garnisoen hier?"

„Maar net dertig kêrels."

Onmiddellik nadat hy gepraat het, voel D'Aran lus om homself te skop. Die sterkte van sy garnisoen is nou nie juis 'n vreeslike militêre geheim nie. Elkeen wat die fort sien, kan aflei dat hier nie baie manne gehuisves kan word nie. Daarby weet almal dat hier maar net 'n luitenant in bevel is. Maar tog. Hy is nou jammer dat hy sommer hierdie inligting so uitgeblaker het.

Gallast maak 'n klein, minagtende gebaar. „Ons is baie jammer om u te pla, maar ons sal heeltemal tevrede wees as u ons net toelaat om vannag in u binneplaas tent op te slaan sodat die mure ons net teen die nagwinde kan beskerm.

D'Aran antwoord nie op hierdie versoek nie. Hy sê net: „Ek het nie geweet daar is iets by die Sanna-oase wat oudheidkundiges sal interesseer nie."

„Dan is u verkeerd ingelig, Luitenant. Ons weet toevallig dat daar belangrike oudheidkundige oorblyfsels is. Hulle is egter nog nie blootgelê nie. Ons gaan 'n voorlopige opname maak."

D'Aran dink vinnig. Hy het al van baie wetenskaplike ekspedisies gehoor wat hier deur die woestyn rondfenter, maar dit is die eerste keer dat een hierdie gebied besoek. Nogtans, as hierdie menere daar by die Sanna-oase in die sand wil gaan grawe, is dit hul saak, so lank hulle net nie die Arabiere steur nie. Hy kan egter nie van die indruk ontslae raak dat alles hier nie pluis is nie, dat 'n skroef met hierdie vreemde geselskap los is nie.

Hy verneem losweg: „Is almal in u geselskap oudheidkundiges?”

„Ja, natuurlik,” sê Gallast en glimlag aangenaam. „Soos u weet, is hierdie 'n veeleisende onderneming; daarom is ons kêrels maar almal groot en sterk.”

„Waar kom u vandaan?”

„Ons het Noord-Afrika deur Oran binnegekom. Toe het ons na Tala Bakoe gevlieg. Daarvandaan kom ons te perd en ons is baie dankbaar dat die rit haas agter die rug is.”

Hy praat op sy gemak—miskien bietjie té op sy gemak.

D'Aran sê: „Dit is net 'n formaliteit, maar ek moet u paspoorte sien.”

„Sekerlik. Hulle is by die bagasie op die pakmuile. U sal hulle in orde vind.”

„Ek sal hulle later ondersoek. Intussen kan u in die binneplaas kampeer. Ek is jammer daar is nie veel wat ek vir u kan doen nie.”

Hulle staan nog 'n paar oomblikke en gesels. Toe word D'Aran aan die andere voorgestel. Soos hul leier, praat hulle almal Frans. Hulle is egter ingetoë en swygzaam.

Terwyl 'n paar soldate hulle help om die tente op te slaan, loop D'Aran ingedagte na sy kantoortjie terug. Gallast het beloof om die paspoorte binne tien minute te kom oorhandig.

'n Roepsein sing onduidelik deur die gehoorbuis van die radioapparaat. D'Aran hoor dit onmiddellik toe hy die kantoortjie binne loop. Hy is verbaas omdat hulle op hierdie tyd van die dag met Fort Ney probeer in verbinding tree. Hy gaan dadelik sit en plak die gehoor-

buis oor sy ore. Hy trek die kaart met die Morsekode nader en dan timmer hy die ontvangsein uit.

D'Aran se potlood vlieg oor die papier terwyl hy die boodskap neerskryf. Binne drie minute is dit klaar. Hy timmer die erkenning uit. Daarna gaan hy na sy skryftafel. Hy haal die ontsyferboek uit en begin dadelik die boodskap ontsyfer. Die eerste paar woorde gee hom 'n ligte skok. Die boodskap kom direk van die stafhoofkwartier van die Legioen in Sidi-bel-Abbes.

Geen wonder dus dat dit so maklik deurgekom het nie—en so duidelik. Die militêre radiostasie daar is die sterkste in die hele Noord-Afrika.

D'Aran voel die prikkeling van opwinding terwyl hy werk. Sy vingers bewe toe hy uiteindelik die potlood neergooi en die boodskap oorlees.

„Van minister aan opperbevel Sidi-bel-Abbes. Vir bevelvoerende offisier Fort Ney. Absolute voorkeur. Waterstofbomontploffing sal plaasvind Sanna-oase om 15.00 uur op 8 Julie. Alle burgerlikes in u gebied ontruim te wees teen middernag 4 Julie en na Toegoert-ontvangkamp gestuur te word. Gevaargebied bekend as Gebied Zero. Omvang: honderd vierkante myl vanaf breedtegraad 20 na lengtegraad 3. U sal die fort om 22.00 uur ontruim op 6 Julie. U sal beskermde posisies inneem agter die Keeba-voorheuwels . . .”

Daar is nog meer. Daar word raad gegee hoedat die garnisoen agter die heuwels veilige stellings moet gaan inneem. Die heuwels is sowat dertig myl benoerde die fort geleë. Daar word gewaarsku dat die garnisoen minstens drie dae na die ontploffing onder bedekking moet bly vanweë die verskriklike hittegolwe wat verwag word. Daarna moet die garnisoen na die fort terugkeer

en daar diens gaan hervat — as die fort nog bewoonbaar is. Indien die fort egter nie meer bewoonbaar is nie, moet die garnisoen gaan aansluit by K-kompanjie, 'n klein mag twee dae se mars na die weste. Daar sal hulle verdere bevele kry.

D'Aran se senuweespanning verander in verwarring, dan in 'n ligte woede. Hy weet nie veel van die wetenskap nie, maar hy lei af dat hierdie seker die grootste en vernietigendste ontploffing gaan wees wat die mens nog probeer het. Hulle berei seker al hoé lank voor en tog gee hulle hom bietjie meer as nege dae tyd om al sy belangrike voorbereidings te maak. Hy het slegs 'n week tyd om verskeie honderde verspreide Arabiere te oorreed om na die verafgeleë Toegoert pad te gee — as hulle hulle ooit sal laat oorreed.

„Ongehoord!” sê hy hard tot homself. „Hierdie Arabiere gaan moeilikheid maak. Ek kan hulle nimmer binne hierdie tyd hieruit verwyder kry nie.”

Binne-in hom weet hy egter dat dit op die een of die ander manier gedoen sal moet word. Hy is seker dat daar binne Gebied Zero heelwat ander buiteposte van die Legioen moet wees wat op hierdie presiese oomblik presies dieselfde opdragte moes ontvang het. Elkeen van hulle het seker ook 'n bevelvoerende offisier wat net so omgekrap en magteloos voel soos hy.

Daar was al gerugte oor hierdie ontploffing. Hy onthou nou dat hy in Tala Bakoe daarvan gehoor het. Hy het egter nie veel notisie geneem nie. Destyds het hy ook ander dinge gehad om oor na te dink — aan Lucinne, byvoorbeeld . . . en die vyftigduisend frank wat hy vir haar gesteel het.

Die tweede keer binne 'n uur moet hy haar uit sy gedagtes kry. Haar gedagtenis is soos die vae, byna

vergete geur van verlede seisoen se rose — nog daar, maar byna heeltemal verlore.

Hy sê byna hardop: „Na die hoenders met alle vroumense,” maar daar is geen oortuiging in hierdie woorde nie en die volgende oomblik konsentreer hy maar weer op sy onmiddellike probleme.

Hierdie waterstofbomontploffing naby die Sanna-oase.

Die Sanna-oase!

Hy ruk orent in sy stoel en staar vreesbevange na die kaal muur. Liewe hemel! Waarom het hy nie in die eerste plaas daaraan gedink nie? Dit is waarheen hierdie Gallast en sy oudheidkundiges op pad is! Wat 'n toeval! Of is dit toeval? Kan dit wees . . .

Dit is of hy skrik vir hierdie onvoltooide gedagte. Hy wil nie melodramaties wees nie, maar selfs al is hul dokumente in orde, sal hulle sonder die minste versuim voorgekeer moet word. Hulle moet terug. Hulle kan geen tree verder nie. Inderdaad, hy sal seker 'n half-dosyn manne moet afsonder om hulle veilig uit Gebied Zero geleide te doen. Hy sal die opperbevel ook moet in kennis stel dat hulle hier aangekom het. Klaarblyklik moes hulle nooit toegelaat gewees het om verder as Tala Bakoe te gaan nie. Iewers is 'n administratiewe fout begaan.

Daar word twee maal hard op die deur geklop. D'Aran vee oor sy beswete voorkop en dan sê hy hard: „*Entre!*”

Gallast kom binne. Hy sê: „Ek het gekom om enige twyfel uit die weg te ruim wat u moontlik oor ons mag koester, Luitenant.”

Hy het egter blykbaar nie die paspoorte by hom nie.

In die plek daarvan het hy in sy regterhand 'n Lugerrewolwer.